Messr.Lorentz & Bone, Box 85
Windhoek


# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

*UITGEGEE OP GESAG.* **OF SOUTH WEST AFRICA.** *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**1/- Donderdag, 1 Julie 1948. WINDHOEK Thursday, 1st July, 1948. No. 1367**


## INHOUD


*Bladsy*

**ROKLAMASIES—**

No. 26. Okavango Naturellegebiedsaangeleenthede Wysigingsproklamasie 1948. . . . . . . 1327
No. 27. Mynontginnings-Konsolidasie en Wysiging (Verdere Wysigings-) Proklamasie 1948. . . . 1327

**OEWERMENTSKENNISGEWINGS—**

No. 148. Huweliksamptenaar: Benoeming tot. . . . 1327
No. 149. Maksimumpryse van Huide. . . . . 1328
No. 150. Maksimumpryse van Viyella- en Clydella-Goedere: Wysiging. . . . . . . 1328
No. 151. Registrasieamptenaar vir die Geproklameerde Gebied van Otjiwarongo: Aanstelling as. . . 1328
No. 152. Gemagtigde Amptenaar te Otjiwarongo vir die doel van die Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Proklamasie, 1935: Aanstelling as. . . . . . . . . 1329
No. 153. Maksimumpryse van Kruideniersware: Kooken/of Slaaiolie (Wysiging). . . . . . 1329
No. 154. Maksimumpryse van Kruideniersware: Kookvet (Wysiging). . . . . . . . . 1330
No. 155. Veesiekteswet Wysigingsordonnansie 1928: Verklaring van Beperkte Gebied: Wysiging. . . 1331
No. 156. Naturellereserwes: Vergroting van Gebiede en Afsondering van Gebiede as Naturellereserwes: Wysiging. . . . . . . . . 1331

**LGEMENE KENNISGEWINGS—**

No. 46. Grond vir Spoorwegdoeleindes gereserveer: Walvisbaai Gebied. . . . . . . . 1331
No. 47. Yking: Magistraatsdistrikte Grootfontein en Okahandja. . . . . . . . . 1331

**EMENGDE KENNISGEWING—**

No. 1. Belasting op Persone: Publieke Kennisgewing. . 1332

**DVERTENSIES—**

Boedelkennisgewings, ens., ens. . . . . . 1333


## CONTENTS


*Page.*

**PROCLAMATIONS—**

No. 26. Okavango Native Territory Affairs Amendment Proclamation, 1948. . . . . . . 1327
No. 27. Mining Consolidation and Amendment (Further Amendment) Proclamation, 1948. . . . 1327

**GOVERNMENT NOTICES—**

No. 148. Marriage Officer: Appointment as. . . . 1327
No. 149. Maximum Prices of Hides. . . . . 1328
No. 150. Maximum Prices of Viyella and Clydella Goods: Amendment. . . . . . . . . 1328
No. 151. Registering Officer for the Proclaimed Area of Otjiwarongo: Appointment of. . . . 1328
No. 152. Authorised Officer at Otjiwarongo for the purpose of the Extra-Territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935: Appointment as. . . . . . . . . . 1329
No. 153. Maximum Prices of Groceries: Cooking and/or Salad Oil (Amendment). . . . . . 1329
No. 154. Maximum Prices of Groceries: Cooking Fat (Amendment). . . . . . . . 1330
No. 155. Stock Diseases Law Amendment Ordinance, 1928: Declaration of Restricted Area: Amendment. . . . . . . . . . 1331
No. 156. Native Reserves: Increasing of Areas and Setting Apart of Areas: Amendment. . . 1331

**GENERAL NOTICES—**

No. 46. Land Reserved for Railway Purposes: Walvis Bay Area. . . . . . . . 1331
No. 47. Assizing: Magisterial Districts of Grootfontein and Okahandja. . . . . . . . 1331

**MISCELLANEOUS NOTICE—**

No. 1. Tax on Persons: Public Notice. . . . . 1332

**ADVERTISEMENTS—**

Estate Notices, etc., etc. . . . . . 1333

**PROKLAMASIES**
VAN SY EDELE PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 26 van 1948.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet betreffende die regering van die Okavango Naturellegebied te wysig;

SO IS DIT dat ek ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen hierby soos volg proklameer, verklaar en bekend maak:—

1. Artikel *een* van die Proklamasie op die Okavango Naturellegebied Aangeleenthede, 1937 (Proklamasie 32 van 1937), soos gewysig deur die Ovambo en Okavango Trustfonds Wysigingsproklamasie, 1940 (Proklamasie 38 van 1940), word hierby gewysig deur byvoeging van die volgende voorbehoudsbepaling aan die einde daarvan:

„Met dien verstande dat die Administrateur die verhuur van terreine aan blankes of 'n behoorlik ingelyfde maatskappy vir handelsbesigheids- of woondoeleindes kan magtig op voorwaarde dat enige huurgeld ingevorder ten opsigte van sodanige huurkontrak op krediet van die Trustfonds van die stam in wie se gebied die terrein geleë is, geplaas word."

2. Hierdie proklamasie heet die Okavango Naturellegebiedsaangeleenthede Wysigingsproklamasie 1948, en word geag in werking te getree het vanaf die 1ste dag van Julie 1937.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te WINDHOEK hierdie 14de dag van Junie 1948.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

No. 27 van 1948.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet betreffende die uitreiking van prospekteerlisensies aan naturelle in naturellereserwes te wysig;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen, hierby proklameer, verklaar en bekendmaak as volg:—

1. Subartikel (1) van artikel *agtien* van die Mynontginnings-Konsolidasie en Wysigingsproklamasie, 1940 (Proklamasie 4 van 1940), soos gewysig (hierna genoem die „Proklamasie"), word hierby gewysig deur die invoeging in die eerste voorbehoudsbepaling daarvan, na die woord „Bastergemeente", van die volgende uitdrukking—

„en in naturellereserwes, naturelle wettiglik daarin woonagtig,"

2. Artikel *ses-en-sewentig* van die Proklamasie word hierby gewysig deur invoeging na die uitdrukking „naturellereserwe" van die woorde—

„nie synde 'n naturel wettiglik daarin woonagtig nie,"

3. Hierdie Proklamasie heet die Mynontginnings-Konsolidasie en Wysigings (Verdere Wysigings-) Proklamasie, 1948.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te WINDHOEK hierdie 10de dag van Junie 1948.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

**PROCLAMATIONS**
BY HIS HONOUR PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 26 of 1948.]

WHEREAS it is desirable to amend the law relating to the government of the Okavango Native Territory;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. Section *one* of the Okavango Native Territory Affairs Proclamation, 1937 (Proclamation No. 32 of 1937), as amended by the Ovambo and Okavango Trust Funds Amendment Proclamation, 1940 (Proclamation No. 38 of 1940), is hereby amended by the addition of the following proviso at the end thereof:

"Provided that the Administrator may authorise the lease of sites to Europeans or a duly incorporated company for trading, business or residential purposes on condition that any rental recovered in respect of any such lease shall be credited to the Trust Fund of the tribe in whose area such site is situate."

2. This Proclamation shall be called the Okavango Native Territory Affairs Amendment Proclamation, 1948, and shall be deemed to have come into operation as from the 1st day of July, 1937.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at WINDHOEK this 14th day of June, 1948.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

No. 27 of 1948.]

WHEREAS it is desirable to amend the law relating to mining by providing for the issue of prospecting licences to natives in native reserves;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. Sub-section (1) of section *eighteen* of the Mining Consolidation and Amendment Proclamation, 1940 (No. 4 of 1940), as amended (hereafter referred to as "the Proclamation"), is hereby amended by the insertion in the first proviso thereof after the word "Community", of the following expression—

"and in native reserves, natives lawfully resident therein,"

2. Section *seventy-six* of the Proclamation is hereby amended by the insertion after the expression "native reserve" of the words—

"other than a native lawfully resident therein,"

3. This Proclamation shall be called the Mining Consolidation and Amendment (Further Amendment) Proclamation, 1948.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at WINDHOEK this 10th day of June, 1948.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

# Goewermentskennisgewings.

**Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.**

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

**Kantoor van die Administrateur,**
**Windhoek.**

No. 148.] [1 Julie 1948.

HUWELIKSAMPTENAAR: BENOEMING TOT.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig subartikel (2) van artikel *vyf* van „De Huweliksvoltrekkings Proklamatie, 1920" (Proklamasie 31 van 1920), sy goedkeuring te heg aan die benoeming, met ingang 14 Junie 1948, van Weleerwaarde WILLIAM FRED BRENNAN, van die Metodistiese Kerk van Suid-Afrika, Windhoek, tot Huweliksamptenaar vir Suidwes-Afrika.

# Government Notices.

**The following Government Notices are published for general information.**

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

**Administrator's Office,**
**Windhoek.**

No. 148.] [1st July, 1948.

MARRIAGE OFFICER: APPOINTMENT AS.

The Administrator has been pleased, in terms of subsection (2) of section *five* of the Solemnization of Marriages Proclamation, 1920 (Proclamation No. 31 of 1920), to approve of the appointment of Reverend WILLIAM FRED BRENNAN of the Methodist Church of South Africa, Windhoek, as a Marriage Officer for South West Africa, with effect from the 14th June, 1948.